# KANGNAS EnD GEMEENSKAPSFONDS BEFONDSINGSRIGLYN

## *(Ondernemingsontwikkeling)*

*Hierdie gemeenskapsfonds is gestig om in ondernemingsontwikkeling-inisiatiewe (EnD) te belê wat die visie en plaaslike ekonomie van Bergsig, Carolusberg, Concordia, Matjieskloof, Nababeep, Okiep, Fonteintjie, Springbok en Vaalwater. Bogenoemde dorpe sal voorkeur geniet, maar organisasies binne die distrik sal nie ontmoedig word om aansoek te doen nie. Aansoeke van klein en opkomende sake-ondernemings word veral verwelkom. Onvolledige aansoeke sal nie oorweeg word nie.*

## 1. Wie kan aansoek doen?

Plaaslike sake-ondernemings in bogenoemde dorpe kan aansoek doen vir befondsing, insluitende:

- Klein, medium en mikro-ondernemings (SMME's);
- Koöperasies;
- Sakevennootskappe gerig op spesiale geleenthede of gebeurtenisse (bv. markte);
- Enige ander ondernemings wat aan die vereistes voldoen.

## 2. Vereistes

- Die sake-onderneming moet in bogenoemde dorpe wees en moet ekonomiese ontwikkeling onder die gemeenskap ondersteun;
- Dit moet vir ten minste 3 maande reeds in bedryf wees;
- Dit moet deur direkteure/aandeelhouers bestuur word wat rekords hou;
- Dit moet geregistreer wees, of wag vir registrasie by die CIPC (Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom) of 'n ander relevante instelling;
- Dit moet 'n bankrekening by 'n erkende bankinstelling hê, asook rekords van alle finansiële transaksies;
- Dit moet 'n belastingklaringsertifikaat hê of gewillig wees om daarvoor aansoek te doen;
- Dit mag net min (of geen befondsing nie) van buitebronne ontvang het en moet 'n jaarlikse begroting van minder as R200 000 hê. Die begroting moet pas by die organisasiegrootte en bedryfsrekord;
- Dit moet ander finansieringsbronne bekend maak;
- Dit moet ook kan wys hoe hulle plaaslike bates mobiliseer, m.a.w. fisiese, finansiële, maatskaplike, natuurlike, en menslike hulpbronne;
- Dit moet gewillig wees om met ander belanghebbendes saam te werk;
- Dit moet gewillig wees om deel te neem aan kapasiteitsontwikkeling, monitering, evaluering en leerbedrywighede wat aan die toekenning gekoppel is;
- Dit moet gewillig wees om verslagdoening en verantwoordingdoening openbaar te maak.

## 3. Tipe toekennings

Befondsing kan die vorm aanneem van 'n volhoubaarheidstoekenning[1]; teentoekenning[2], materiële donasie[3], jaarlikse innoveringstoekenning[4] of tegniese toekenning[5]. Organisasies kan vir 'n **minimum van R1 000** en 'n **maksimum van R50 000** per toekenning aansoek doen. Ondernemings kan gevra word om 'n heraansoek in te dien indien vereistes nie nagekom is nie en tot twee toekennings kan elke jaar aan een onderneming goedgekeur word. Projekte moet binne 6 – 12 maande voltooi word.

**4. Wenslike ondernemings wat kwalifiseer** Ondernemings moet plaaslike bates en hulpbronne benut, gemeenskap wees en tot voordeel van die plaaslike ekonomie bedryf word. Hulle moet:

[1] 'n Gemeenskapstoekenning/-toelaag is 'n enkelbedrag wat in maandelikse paaiemente aan gepaste SED-bedrywighede betaal word.
[2] 'n Teentoekenning is 'n verdubbelde bedrag van die geld wat 'n groep ingesamel of beskikbaar gestel het (verhouding van 2:1 - R2 vir elke R1 self verkry).
[3] Direkte aankoop van goedere en dienste deur die maatskappy of ander materiële donasie.
[4] 'n Kontanttoekenning vir vernuwende bedrywighede en organisasies wat nuwe idees en tegnologieë inspan.
[5] 'n Toekenning vir opleiding, mentorskap, blootstellende besoeke en ander kapasiteitsvergroting.

- Bategebaseerd wees – die bates in bogenoemde dorpe waardeer, gebruik en uitbou;
- Gemeenskapsgedrewe wees – aanmoediging van eenheid (saamstaan) en gedeelde verantwoordelikheid/medebelegging;
- Kreatief, innoverend en voordelig wees;
- Eenvoudig, maklik om te begin en haalbaar op kort termyn wees ("laaghangende vrugte");
- Potensieel winsgewend wees (inkomste genereer)

'n Toekenning sal nie gemaak word nie tensy maatskaplike kohesie en mobilisering getoon word en entrepreneurs in hul eie inisiatiewe belê het. Voorkeur-inisiatiewe is die wat uitbreiding (bv. werkskepping, vaardigheidsoordrag, streeksbande), vennootskappe en eenheid in bogenoemde bevorder.

*Voorbeelde van ondernemings wat in aanmerking kom, is: Stene-projek; Karwas; Spyseniering; klerefabriek; Konstruksie; Huishoudelike werk Maatskappy; Bestuurskool; Kos industrie; Konfyt; Verkoop van sade; Tuinmaak (kruie vir vroulike kwale); Kruie / inheemse tuine; Mini bakkery; Naaldwerk; Pluimvee; Juweliersware, Visbakke; Rotskonstruksie; Verkoop produkte / winkels aan ander dorpe; Klein sakesentrum; Loodgieters, Elektrisiën, Haarkappers; Tegnies; Handelsentrum; Snoepiebesigheid;herwinbare besighede;spuit verf; inligtings tegnologie besighede; plaaslike bier brouery; gemeenskap gimnasium; tuisnywerheid;toerisme entrepreneurs in kleinsake mynbedrwyghede; vervoer besighede;toerisme besighede enige ander aktiwiteite wat die visie en plaaslike ekonomie van vennootgemeenskappe ondersteun.*

## 5. Onwenslike bedrywighede

Onwenslike sakedoelwitte/-bedrywighede sluit in:

- 'n Onderneming wat net een individu bevoordeel;
- Bedrywighede met 'n politieke agenda;
- Bedrywighede met 'n negatiewe maatskaplike, ekonomiese en omgewingsimpak;
- Noodmaatreëls om tekorte te dek, lenings te delg of borg te staan vir lenings;
- Salarisse en beurse/borgskappe;
- Individuele studies of oorsese studie;
- Betaling van agterstallige rekeninge; bv. Eskom-, Telkom- en ander soortgelyke rekeninge;
- Godsdienstige bedrywighede.

## 6. Prosedure

- Aansoeke kan te enige tyd per e-pos ingedien word. Dit kan regdeur die jaar ingedien word, maar sal volgens die skedule hieronder oorweeg word;
- Aansoekers moet die aangehegte aansoekvorm invul en duidelike inligting gee oor hul sakebedrywighede, waarom dit voordelig is, wat tot dusver gebeur het en watter bates/medebeleggings reeds bygedra is. Begrotingsprojeksies moet gedetailleerd wees;
- Die aansoek sal volgens bogenoemde kriteria deur 'n toekenningskomitee oorweeg word. 'n Besoek aan die sakeperseel kan geskeduleer word.

## 7. Verantwoordbaarheid

- Suksesvolle aansoekers sal skriftelik verwittig word en 'n kontrak sal met die projekmaatskappy onderteken word. 'n Afskrif van die verslagformaat (sjabloon) sal ook verskaf word;
- Die toekenning sal in kwartaallikse paaiemente uitbetaal word indien genoegsame verantwoordbaarheid en voldoening getoon word;
- Maandelikse vorderingsbeskrywings en finansiële verslae met kwotasies en kwitansies aangeheg, word vereis;
- Ontvangers sal oor kapasiteitsuitbouing, netwerkvorming en ander geleenthede ingelig word;
- Ontvangers sal ook by monitering, evaluasie en leerbedrywighede betrek word, soos met die projekmaatskappy ooreengekom;
- Ondernemings kan gevra word om 'n artikel of inligting oor hul onderneming vir bemarking- en publikasiedoeleindes voor te lê;
- Ondernemings se verslae en verantwoordingdoening sal openbaar gemaak word;
- Alle maatskappye wat befonds word, moet binne een jaar winsgewend wees.

## 8. Befondsingsiklusse en belangrike datums

| | | ***Spertyd vir Aansoeke*** | ***Bekendstelling*** |
|---|---|---|---|
| *Siklus 1* | *Projekte Geïmplementeer Januarie– Junie 2021* | 11 Januarie 2021, 16h30 | 12 Februarie 2021 |
| | | 31 Maart 2021, 16h30 | 30 April 2021 |
| *Siklus 2* | *Projekte Geïmplementeer Julie– Desember 2021* | 21 Mei 2020, 16h30 | 18 Junie 2021 |
| | | 15 Julie 2020, 16h30 | 16 Augustus 2021 |

*Aansoeke moet ingedien word per epos na [submissions@ubiqua.co.za](mailto:submissions@ubiqua.co.za)*

# KANGNAS EnD GEMEENSKAPSFONDS

## AANSOEKVORM

*(Ondernemingsontwikkeling)*

*Lees asseblief hierdie aansoekvorm noukeurig deur en wees duidelik oor alle nodige inligting. Indien u hulp nodig het, neem asseblief die vrymoedigheid om submissionste skakel.*

**AFDELING 1. ALGEMENE INLIGTING**

**1.1. Naam van onderneming waarvoor befondsing gevra word::**
……………………………………………………………………………………………………………………………

**Tipe onderneming: (Merk asseblief)**

*Klein/Mikro-onderneming* □ *Mediumgrootte onderneming* □
*Koöperasie:* □ *Ander* □ __________________

CIPC-registrasienommer (indien van toepassing): ______________

**1.2. Kontakbesonderhede:**

*Adres*: ………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………. *Poskode*: ……………………………..

*Telefoon:* ……………………………………………………… *E-pos:*…………………………………………

Naam en selnr.: Kontakpersoon 1: ………………………………………………………………………………

Naam en selnr.: Kontakpersoon 2: ………………………………………………………………………

**1.3. Maatskappyeienaars/Direkteure:**

| Naam, Van & ID-nommers | Posisie | Kontakbeson-derhede | M | V | Ouder-dom | Wanneer het u u by die maatskappy aangesluit? |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

***<u>Name van die mense met tekenregte vir die rekening en hul posisie in die Komitee</u>**:-*

Naam: ………………………………………………… Posisie: ……………………………….

Naam:………………………………………………… Posisie: ……………………………….

Naam:…………………………………………………    Posisie: ………………………………

**1.4. Mense wat vir die onderneming werk:**

| Naam en Van | Titel/Posisie | M | V | Ouder-dom | Tyd bygedra per week | Opleiding/Vaardighede |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

***<u>Naam van leier:</u>*** ………………………………………………………………

*Handtekening:* ………………………………… *Datum:* …………………………………………………..

**1.5. Bankbesonderhede**

Naam van bank: ………………………………………………………………………………………..

Adres van bank: ………………………………………………………………………………………

Tipe rekening: ………………………………………………………………………………………

Rekeningnr: ………………………………………………………………………………………….

Takkode: ………………………………………………………………………………………………

**Wie gaan die boeke nagaan of oudit (naam/kontaknommer)?**……………………………………….

**Onderteken deur:**
*Ek, (naam en van) ……………………………………………………………………………………*
*………………………………………………………………, gemagtig deur die maatskappydirekteure verklaar dat die inligting hierbo verskaf korrek is en bevestig dat die maatskappy die bepalings en voorwaardes van enige toekenning wat ontvang word, aanvaar.*

*Twee getuies vir ondertekening:* *Naam:* ………………………… *Handtekening:*………………………………

*Naam:* ………………………… *Handtekening:*………………………………

*Datum:* …………………………………

*Sluit asseblief in by die aansoek:*

- *'n Registrasiedokument (waar van toepassing):*
- *Afskrif van jongste bankstate;*
- *Belastingklaring- en SEB-sertifikaat;*
- *Enige ander inligting wat met die assessering van die onderneming kan help.*

**Slegs vir interne gebruik:**

Ontvang deur: ______________________________________________ Datum: ________________________

☐ Sakeplan
☐ Belastingklaring-/SEB-sertifikaat
☐ Gestempelde brief van die bank
☐ CIPC-registrasiesertifikaat

Goedgekeur/Afgekeur: Datum: ______________ Bedrag: _____________ Handtekening:_______________

**AFDELING 2. BESKRYWING VAN DIE ONDERNEMING**

**2.1. Agtergrond** *(Wie die onderneming begin het, wanneer en waarom dit gestig is?)*

**2.2. Bedoeling** *(Wat is die doelwit/teiken/doel)?*

**2.3. Hoogtepunte** *(Wat het reg verloop sedert die onderneming begin is? Waarop is u trots?)*

**2.4. Beskrywing** *(Watter goedere of dienste bied u aan – wat doen u?)*

**2.5. Gedetailleerde bedryfsplan** *(vir die volgende 6 maande) – neem meer bladsye indien nodig*

| *Wat gaan u doen (take)?* | *Wie sal verantwoordelik wees?* | *Wanneer sal dit klaar wees?* |
|---|---|---|
| *1.* | | |
| *2.* | | |
| *3.* | | |
| *4.* | | |
| *5.* | | |

**2.6. Vennote/Netwerke** *(Wie is u verskaffers/vennote? Met wie skakel of werk u saam? Wat doen hulle wat u onderneming bevoordeel?)*

**2.7. Bemarkingstrategie** (*Hoe gaan u die onderneming bemark?)*

**2.8. Plaaslike ekonomiese ontwikkeling** (*Hoe gaan die onderneming die plaaslike ekonomie stimuleer en bevoordeel)?*

**2.9. Bates/Hulpbronne** *(In watter bates/hulpbronne is plaaslik geïnvesteer?)*

| *Watter plaaslike bates/hulpbronne word bygedra?* | *Geen ure* | *Waarde/Koste* | ***Hulpbron** (Van wie?)* |
|---|---|---|---|
| Arbeid en tyd | | | |
| Kontant/Kapitaal | | | |
| Spesiale vaardighede | | | |
| Plekke/Persele (huis, geboue, grond) | | | |
| Toerusting | | | |
| Ander ondersteuning: | | | |

**2.10. Begroting versoek – wees spesifiek**

| *Item – Waarvoor het u die geld nodig?* | *Koste* |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

*(Heg asseblief kwotasies vir enige goedere en dienste aan)*

**Wie het hierdie aansoek ingevul?** *Naam:* ________________________ *Posisie:* ____________________

*Handtekening:* ______________________________________________ *Datum:* _______________________